NG Kerk | Moderamen
Vrystaat

**Maandag 29 April 2024**

Geagte kollegas, gemeentes, broers en susters –

Ons bevind ons vier weke voor die Algemene Verkiesing van 2024 – volgens baie, die belangrikste een, dertig jaar ná 1994. Ons jong demokrasie word getoets, in vele opsigte.

Ons het as Moderamen in Januarie vanjaar hieroor besin en besef dat kerke ‘n belangrike getuienis te lewer het wanneer dit oor die welsyn van ons land en al haar mense gaan – veral diegene wat weerloos is en swaarkry: Kleintjies, bejaardes, siekes, armes, werkloses, slagoffers van misdaad, mense sonder hoop. Ons is diep bewus van die vernietigende en verslawende effek wat korrupsie op alle fasette van ons samelewing het. Ons weet dat stabiele regering nodig is om ons ekonomie te laat opbloei, om infrastruktuur te herstel, om geleenthede te skep vir groei in ‘n landelike provinsie soos die Vrystaat. Dit is hier waar ons as NG Kerkfamilie ons stem moet laat hoor oor geregtigheid, vryheid, vrede en die verantwoordelikheid van elke landsburger. Dié verantwoordelikheid beteken onder andere dat ons op 29 Mei ‘n keuse sal uitoefen oor ‘n regering vir die volgende vyf jaar – dít is die weg waarlangs God sorg vir lewensruimte, lewensmiddele en lewenskanse vir alle mense (Eksodus 20:12-17; Romeine 13:1-7; Heidelbergse Kategismus Sondae 39, 40 42). En dít is ‘n saak waaroor ons vanjaar Sy aangesig en wil moet soek…

Ons wil gemeentes daarom eerstens uitnooi om in jul eredienste eerskomende **Sondag 5 Mei 2024**, geleentheid vir gebed te gee met die oog op die Algemene Verkiesing van 2024. Hierby aangeheg is voorstelle vir so ‘n erediens, met toeligting oor ‘n gepaste teks – Psalm 46 – om daarby te oordink. Ons wil gemeentes ook aanmoedig om in die komende vier weke in jul gebede vir ‘n vrye en vreedsame verkiesing te volhard; oorweeg dit as ‘n vaste gebedstema by die Pinksterweek wat voorlê (12 tot 19 Mei).

Ons wil leraars en bedienaars van die Woord ook oproep om in jul omgewing ‘n kort **gebedsontmoeting** met ander kollegas te reël; in jul ring, dorp of woonbuurt, maar spesifiek oor ekumeniese grense heen – kollegas uit die VGK, NGKA, ander Afrikaanse- en Engelse kerke. Dink aan die volgende Vrydagoggende daarvoor: **3, 10, 17 of 24 Mei**; dink aan ‘n koffiedrink of ligte ontbyt saam. Dit kan ons almal bemoedig, sou ons saam voor God vir ons land en streek intree en dit sou ‘n oortuigende boodskap aan ons gemeentes en gemeenskappe oordra…

En derdens, daar is nog tot môre-oggend (Dinsdag 30 April om 10:00) tyd vir leraars én lidmate om as **waarnemers op die dag van die verkiesing**, te kan registreer. Só kan ons help verseker dat hierdie belangrike Algemene Verkiesing vry en regverdig verloop! Stuur jou naam en van, ID-nommer en besonderhede na ds. De la Harpe le Roux by 083-232-1051.

Baie dankie vir almal se saamwerk, gebede en voorbeeld; mag God ook hierin verheerlik word!

